

SARS BRING 'N EINDE AAN BRIEWEBUSSE EN BEPAALDE GEDRUKTE VORMS

PRETORIA, 29 Junie 2018 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) sal 'n einde bring aan briewebusse vir die indiening van inkomstebelastingopgawes, asook ander papierdokumente, as deel van sy veldtog om belastingpligtiges aan te moedig om eFiling te gebruik vir alle belastingtransaksies, waar moontlik.

Vanaf 1 Julie 2018, sal SARS nie meer bepaalde gedrukte vorms by sy takke beskikbaar stel nie, insluitend vorms wat gebruik word om te registreer as belastingpligtige (IT77C vir maatskappye en IT77TR vir trusts), as BTW-ondernemer (VAT101), as werkgewer (EMP101), asook vorms wat gebruik word om aansoek te doen vir belastingaanwysings [IRP3(a), (b) en (d)].

Hierdie transaksies, tesame met die indiening van inkomstebelastingopgawes, betalings en die oplaai van stawende dokumente, kan alles elektronies op eFiling gedoen word met die ondersteuning van Help-You-eFile en die SARS-kontaksentrum indien belastingpligtiges vashaak.

SARS het die grootte-drumpel van lêers verhoog van 2 megagrepe tot 5 megagrepe, betyds vir belastingseisoen.

Die toename in digitale transaksies beteken 'n noemenswaardige besparing op papier, drukwerk en koerieronkoste vir beide SARS en die belastingpligtige. Dit sal ook die voetverkeer in takke verlig - een van SARS se doelstellings vir Belastingseisoen 2018.

'n Digitale en papierlose benadering is meer as 'n dekade terug begin toe die internet-gebaseerde eFiling-stelsel beskikbaar gestel is vir die elektroniese indiening van persoonlike inkomstebelastingopgawes. Briewebusse was egter beskikbaar gestel, bykomend tot takke en elektroniese kanale, vir belastingpligtiges wat verkies het om hul opgawes en dokumente per hand in te dien.

SARS sal seker maak dat belastingpligtiges, wat na eFiling oorskakel, bygestaan word.

Belastingpligtiges sal steeds 'n SARS-tak kan besoek, indien hulle met persoonlike bystand opgawes wil indien. Hulle word egter aangemoedig om na elektroniese indiening te migreer. Oorspronklike papierdokumente sal aan die belastingpligtige teruggegee word vir bewaring.

SARS moedig belastingpligtiges aan om eFiling (www.sarsefiling.co.za) te gebruik, wat die mees gerieflike metode is vir die meeste transaksies met SARS, en dit is 24 uur per dag beskikbaar. Daar is ook e-posadresse beskikbaar op die SARS-webtuiste vir belastingpligtiges om met SARS in verbinding te tree, asook die SARS-kontaksentrum (0800 00 7277).